
University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)



University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

# *stadskrif.*

*'n Ondersoek na die moontlikhede van teks as ontwerp-gereedskap en verryker van ruimtelike ervaring, toegepas in 'n Pretoria middestedelike konteks.*

DIE LAASTE AFRIKAANSE SKRIPSIE

deur

JOHAN PRINSLOO.

gelei deur

Mnr. Piet Vosloo.

VOLUME I.

---

*MET VERSKEIE ILLUSTRASIES.*

---

PRETORIA:
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, DEPARTEMENT ARGITEKTUUR

*Ter gedeeltelike vervulling van die graad Magister in Landskapsargitektuur (Professioneel) in die fakulteit Ingenieurswese, Bou-Omgewing en Inligtingtegnologie.*

2006.

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

# PROLOOG

vierhonderd keer het ek vir jou gesê ek weet nie wat is landskapargitektuur nie en vierhonderd keer het ek daarna gaan soek. oor berge en ou grotte, skatkaarte gevolg en pieke geklim. elke keer vind ek iets wat in die lug hang waarna ek gryp om in 'n woord te bêre maar die woorde was diep en ek kon hulle nie vind nie. dit was iets in 'n ou stad, 'n ou man en sy hond en rokerige oggende en koerantpapierhuise. gestap deur liefde en hartstog om te vergeet en te dink oor dinge. but it was nowhere to be found. slegs die aanwesigheid van niks en sulke philosophy niks soos dit.

die ergste is nou is ek gatvol en lus om te quit om even te try dit te vind. so hard probeer ek en so hard misluk hierdie attempts tot diepte en poetry. selfs om so engels te gebruik is fake en pretentious (nie te praat van kleinletters nie) unlike gertvloknel en jan blohm. miskien moet ek hulle vra om 'n song te skryf oor die landskap: Beautiful West en sunnyside sidewalks saam met die herinnering van ons mooiste troebadoer, koos du plessis. so diep kon hy praat en so mooi kon hy beskryf en kweek daai gevoel van verlange na plekke – dis dalk 'n beter landskapargitektuur, want die landskap kannie design word nie.

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

# I
# SAMEVATTING

Die studie behels ‘n ondersoek na teks as ‘n nie-grafiese notasie-stelsel in die ontwerpproses, en middel waardeur waarde aan die landskap toegevoeg kan word [Deel 1]. Die motivering vir die studie is gegrond in kritiek oor landskapontwerp wat óf oorwegend beeld-gedrewe, óf beginsel-gedrewe is – geskiedkundige en huidige voorbeelde is bespreek ter illustrasie. ‘n Moontlike oorsaak van die probleem is geïdentifiseer as tekortkominge van die grafiese notasie-stelsels wat daarom die ondersoek na ‘n nie-grafiese notasie-stelsel noop. Gebruike van teks is afgelei uit literatuur oor die onderwerp en toepaslike praktiese voorbeelde.

Die bevindinge het aanleiding gegee tot die formulering van ‘n hipotese dat teks ‘n belangrike rol kan speel in die vormskep-proses en lewe van die ontwerp ná konstruksie [Deel 2]. Die hipotese is in die vorm van ‘n diagrammatiese ontwerpproses voorgestel.

Die hipotese is toegepas in die ontwerp van ses buiteruimtes in die middestad van Pretoria in afgeskeepte en tussen-in ruimtes. [Deel 3]

Een van die ontwerpe is gekies vir ‘n volledige tegniese ondersoek [Deel 4].

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

# I
# ABSTRACT

This study is an investigation into text as a non-graphical notation system within the design process, and way of adding value to the landscape [*Deel 1*]. The motivation for the study is rooted in a critique of landscape design as generally being either image or principle driven – a brief discussion of historical and contemporary examples serve to illustrate. The uses of text are extracted from relevant literature and practical examples.

The conclusions were interpreted into a hypothesis stating the important role that text can play in the form giving process and post-construction existence of a place [*Deel 2*]. The hypothesis is summarised as a diagrammatically represented design process.

In order to test the validity of the hypothesis, the formulated design process was applied in the design of six left-over outside spaces in the city centre of Pretoria [*Deel 3*].

A complete technical investigation was conducted for one of the designs [*Deel 4*].

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

# INHOUDSOPGAWE

I: SAMEVATTING 6
LYS VAN FIGURE 14

DEEL 1: DIE FORMULERING VAN DIE HIPOTESE 19

II: DIE BEELD – BEGINSEL DUALISME 19

1) INLEIDING 19

2) DIE BEELD – BEGINSEL DUALISME IN LANDSKAPSARGITEKTUUR 19

*2.1 Moderne beweging* 19

*2.2 Ekologiese ontwerp* 20

*2.3 (Modern-) Post-Moderne ontwerp* 20

*2.4 Huidige Suid-Afrikaanse ontwerp* 20

3) 'N SOEKE NA 'N TUSSEN 20

4) GEVOLGTREKKING 21

III: 'N OORSAAK VAN DIE STRYDVRAAG – GRAFIESE-NOTASIE 23

1) INLEIDING 23

2) TEKENING ONDERSTEUN DIE BEELD – BEGINSEL DUALISME 23

*2.1 Beeld-gedrewe tekeninge* 23

*2.2 Beginsel-gedrewe tekeninge* 24

3) GEVOLGTREKKING 26

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

IV: 'N ANTWOORD – VAN BEGINSELS NA TEKS NA BEELD 27

1) INLEIDING 27

2) DIE GEBRUIKE VAN TEKS 27

*2.1 Die ontbloting van ontwerp* 27

*2.1.1 Bespreking* 27
*2.1.2 Voorbeelde* 28

*2.2 Verryking van die landskap* 28

*2.2.1 Bespreking* 30
*2.2.2 Voorbeelde* 30

*2.3 Die verandering van persepsie* 33

*2.3.1 Bespreking* 33
*2.3.2 Voorbeeld* 33

*2.4 Die wegdoen van leë sinjale* 33

*2.4.1 Bespreking* 33
*2.4.2 Voorbeeld* 34

*2.5 Die grafiese gebruik van teks* 36

*2.5.1 Bespreking* 36
*2.5.2 Voorbeelde* 36

3) DIE TEKORTKOMINGE VAN TEKS 38

4) GEVOLGTREKKING 38

DEEL 2: DIE HIPOTESE – LANDSKRIF 39

V: BESKRYWING VAN DIE HIPOTESE 39

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

1) INLEIDING 39

2) RELAAS 39

3) FENOMENOLOGIESE TEKS 40

4) SINTESE 40

5) POST-ONTWERP TEKSTE 41

6) GEVOLGTREKKING 42

DEEL 3: TOEPASSING VAN DIE HIPOTESE - PRETORIA-STORIE 45

VI: PROJEK BESKRYWING 45

1) INLEIDING 45

2) ALGEMENE PROBLEEM 45

3) AGTERGROND VAN DIE PROBLEEM 45

4) TERREIN KEUSES 47

5) KLIëNTE EN BEHOEFTES 50

6) BEPERKINGS 50

7) STUDIE DOELWITTE 50

8) GEVOLGTREKKING 51

VII: DIE SKRYF VAN DIE RELAAS 52

1) INLEIDING 52

2) KWALITATIEWE BEGINSELS 52

*2.1 Algemene skaal* 52
*2.2 Pretoria skaal* 53
*2.3 Terreine skaal* 53

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

3) DIE RELAAS 55

4) GEVOLGTREKKING 65

VIII: DIE SKRYF VAN DIE FENOMENOLOGIESE TEKSTE 66

1) INLEIDING 66

2) VOORBEELDE, ONTWERP-BEGINSELS, TERREIN-ANALISES EN FENOMENOLOGIESE TEKSTE 66

*2.1 Departement van Publieke Werke* 66
*2.1.1 Voorbeelde* 66
*2.1.2 Ontwerpbeginsels* 67
*2.1.3 Terrein-analise* 68
*2.1.4 Fenomenologiese teks* 70

*2.2 Poskantoor* 71
*2.2.1 Voorbeelde* 71
*2.2.2 Ontwerpbeginsels* 71
*2.2.3 Terrein-analise* 71
*2.2.4 Fenomenologiese teks* 74

*2.3 Rentbel-dakruimte* 75
*2.3.1 Voorbeelde* 75
*2.3.2 Ontwerpbeginsels* 75
*2.3.3 Terrein-analise* 76
*2.3.4 Fenomenologiese teks* 78

IX: VAN TEKS NA VORM (en vice versa) – DIE ONTWERPE 81

1) INLEDING - KERKPLEIN 81

2) DEPARTEMENT VAN PUBLIEKE WERKE BINNEHOF 83

*2.1 Beskrywing van ontwerp* 83
*2.2 Ontbloting van ontwerp: die vertaling van 'n ruimtelike beskrywing* 83

3) POSKANTOOR KNAPSAKPARK 89

*3.1 Beskrywing van ontwerp* 89
*3.2 Wegdoen van leë sinjale: die vertaling van 'n beeldryke teks* 89

4) NASIONALE BIBLIOTEEK DOOIE MUUR 95

*4.1 Beskrywing van ontwerp* 95
*4. 2 Verryking van landskap (pre-ontwerp teks)* 95

5) TUDOR CHAMBERS STEEG 99

*5.1 Beskrywing van ontwerp* 99
*5.2 Verandering van persepsie: die inspirasie vir stedelike vernuwing vanuit 'n storie* 99

6) RENTBEL-GEBOU DAKRUIMTE 103

*6.1 VBeskrywing van ontwerp* 103
*6.2 Verryking van landskap (post-ontwerp teks): die komplementering van 'n plek deur die woorde van 'n digter* 103

7) OPERA-PLAZA DAKWOORDE 113

*7.1 Die grafiese gebruik van teks: die uitbreiding van plek na buite die terrein* 113
*7.2 Beskrywing van die ontwerp* 119

8) GEVOLGTREKKING - CAFé RICHE AGTERRUIMTE 121

X: BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 123

BRONNELYS 126

BEDANKINGS 131

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

# LYS VAN FIGURE

Voorblad: *stadskrif*. 2006. Outeur. Ink op hout.

FIG. 1: *The betrayel of images*. 1929. Rene Magritte. Olie op doek.

FIG. 2: *Die ossillerende patroon van ontwerp-paradigmas in die geskiedenis van landskapsargitektuur*. 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 3: *Beginsel-gedrewe ontwerp lei dikwels tot gebrekkige beeld*. 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 4: *Beeld-gedrewe ontwerp lei dikwels tot die gebrekkige ondersoek van beginsels.* 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 5: *Beeld-gedrewe ontwerp word ondersteun deur grafiese notasies soos krabbels en collages.* 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 6: *Beginsel-gedrewe ontwerp word ondersteun deur grafiese notasies soos diagramme en abstrakte sinjale wat direk na vorm geïnterpreteer word.* 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 7: *Voorbeeld van 'n kwalitatiewe-beginsel-gedrewe ontwerp-proses.*

FIG. 8: *Foto van Isama Noguchi en voorbeelde van sy werk.* (Weilacher 1999: 49).

FIG. 9: *CDLT huis*. Silverlake, Kalifornië. 1989. Morphosis: 'n voorbeeld van 'n ontwerp wat sonder enige tekeninge geskep is, maar slegs deur verbale instruksies. (Forty 2005: 36).

FIG. 10: *Karoopad.* Carnarvon, Suid-Afrika. 2005. Die outeur. Kleur digitale foto.

FIG. 11: *Karoosomervlug.* 2006. Teks en foto deur outeur : die teks komplimenteer die beeld. Digitaal gemanipuleerde beeld.

FIG. 12: *'n Hutspot van style.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van verskeie tuin advertensies.

FIG. 13: *Tikvlek* uit *KykAfrikaans*. 1977 – 80. Willem Boshoff. Ink op papier. (Vladislavic 2005: 23).

FIG. 14: *Garden of words II*. 1999. Willem Boshoff. Plastiek op hout. (Vladislavic 2005: voorblad).

FIG. 15: *Teks as beeld*. 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde collage van foto's van lettertipes in Pretoria.

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

FIG. 16: *Voorbeeld van 'n tipiese terrein-analise*. Kwantitatiewe inligting soos windrigting word meer suksesvol voorgestel deur grafiese notasies.

FIG. 17: *Teks as 'n brug tussen beginsels en beeld.* 2006. Die outeur. Diagram.

FIG. 18: *Die hipotese: landskrif.* 2006. Die outeur. Diagramatiese voorstelling van die hipotese.

FIG. 19: *Bestaande publieke buiteruimtes in die middestad van Pretoria.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde beeld.

FIG. 20: *Gebruike van agterafruimtes in die middestad van Pretoria.* 2006. Die outeur. Digitale foto's.

FIG. 21: *Dak- en grondlandskap.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde lugfoto's.

FIG. 22: *Terreinkeuses.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde planne en digitale foto's van terreine.

FIG. 23: *Die ontwerpproses tot aanleiding van die relaas.* 2006. Die outeur.

FIG. 24: *Pretoriageskrifte.* 2006. Die outeur. Grafiese uitbeelding van Pretoria-verwante tekste se invloed op die outeur.

FIG. 25: *shhhh.* 2006. Die outeur. Karikatuur. Ink op papier.

FIG. 26: *Die doolhof.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van die DPW binnehof. (Alle foto's deur die outeur.)

FIG. 27: *Die verlore brief.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van die Poskantoor. (Alle foto's deur die outeur.)

FIG. 28: *Die letters ontsnap.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van die Nasionale Biblioteek.

FIG. 29: *Jazzkatte.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van die *Tudor Chambers* steeg. (Alle foto's deur die outeur.)

FIG. 30: *Ete met die engele.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde *collage* van die daklandskap om die Rentbel-gebou. (Alle foto's deur die outeur.)

FIG. 31: *Die ontwerpproses tot aanleiding van die fenomenologiese teks.* 2006. Die outeur.

FIG. 32: *Grafiese analise van DPW-binnehof.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde fotos. Fotos deur outeur behalwe die van *Two Plateux*, Parys, Frankryk deur Daniel Buren (

Brayer *et al* 2004: 174).

FIG. 33: *Grafiese analise van die Poskantoor.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde fotos. Fotos deur outeur behalwe die van *Capitol Plaza,* New York, New York, VSA deur Thomas Balsley (Freeman 2005: 161 – 169).

FIG. 34: *Grafiese analise van die Rentbel-dakruimte.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanipuleerde fotos. Fotos deur outeur behalwe die van *Maria McVarish* daktuin, San Francisco, Kalifornië, VSA (Carlock 2005: 108 – 113).

FIG. 35: *Betonoerwoud: Van teks na vorm.* 2006. Outeur. Houtskool op papier.

FIG. 36: *DPW binnehof.* 2006. Outeur. Collage.

FIG. 37: *Sketsontwikkeling van DPW-binnehof.* 2006. Outeur. Ink op papier.

FIG. 38 : *Sintese van fenomenologiese-teks en relaas.* 2006. Outeur. Ink op papier.

FIG. 39: *Collage aansig van finale ontwerp nagelang tegniese ondersoek.* 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 40: *Poskantoor knapsakpark.* 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 41: *Konsepontwikkeling vir die poskantoor knapsakpark.* 2006. Outeur. Ink en grafiet op papier.

FIG. 42: *'n See van teks.* 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 43: *Sketsplan van poskantoor knapsakpark.* 2006. Outeur. Rekenaar genereerde plan.

FIG. 44: *Nasionale Biblioteek dooie muur.* 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 45: *Digitale reën: die vertoning van digitale reks teen dooie muur.* 2006. Outeur. Digitale foto's van rekenaarskerm.

FIG. 46: *Breinvlug: kognitiewe waardering van die landskap deur teks.* 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 47: *Tudor chambers steeg.* 2006. Digitale collage.

FIG. 48: *Sketsvoorstelling van ontwerp.* 2006. Outeur. Ink en potlood op papier.

FIG. 49: *Leadbelly.* Onbekend. Op *The best of Leadbelly.*

FIG. 50: *Kafka.* Onbekend. Digitaal gemanipuleerde foto. (in *Encarta '95*).

FIG. 51: *Dylan Thomas.* Onbekend. Digitaal gemanipuleerde foto. (in *Encarta '95*).

FIG. 52: *Rembrandt.* 1669. Digitaal gemanipuleerde foto van self-portret. (in *Encarta '95*).

FIG. 53: *Rentbel dakruimte.* 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 54: *voorstelling van Rentbel-uitkykdek.* 2006. Outeur. Collage.

FIG. 55: *voorstelling van Rentbel-uitkykdek in die nag.* 2006. Outeur. Collage.

FIG. 56: *Sketsplan van Rentbel-uitkykdek.* 2006. Outeur. Collage.

FIG. 57: *Opera-plaza dakruimte.* 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 58: *Taalkaart I.* 2006. Outeur en Cilna Van Wijk. Digitale collage.

FIG. 59: *Taalkaart II.* 2006. Outeur en Cilna Van Wijk. Digitale collage.

FIG. 60: *Taalkaart III.* 2006. Outeur en Cilna Van Wijk. Digitale collage.

FIG. 61: *Taalkaart IV.* 2006. Outeur en Cilna Van Wijk. Digitale collage.

FIG. 62: *Cafe Riche agterruimte.* 2006. Outeur. Digitale collage.

FIG. 63. *'n Gathering in die nag.* 2006. Die outeur. Digitaal gemanupileerde *collage* van die ruimte agter die *Cafe Riche*-gebou. (Alle foto's deur die outeur.)

FIG. 64: *Die mooi is in die straat* (*'La beauté est dans la rue.'*) *ca.* 1960. Plakkaat gebruik tydens studente-optogte in Parys. (in Ford 2006)

FIG. 65: *Cafe Riche collage.* 2006. Outeur.




Hierdie is nie 'n pyp nie.
**FIG. 1: *The betrayel of images.*** 1929.
Rene Magritte. Olie op doek.

# DEEL 1:
# DIE FORMULERING VAN DIE HIPOTESE

## II
## DIE BEELD - BEGINSEL DUALISME

***Definisie van terme:***

- 'beeld': *image;* die skyn van die ontwerp; die estetika; die vorm; alles op die oppervlak; in Duits *gestalt* (Forty 2005: 149) – objekte soos deur die sintuie beskou; **simbole** [draer van betekenis].
templaat

- 'beginsel': dit wat onderliggend aan die ontwerp staan; onder andere funksie, ekologie en konsep; **semiotiek** [betekenis van simbole]; **sintaksis** [struktuur van taal; taalreëls].

- 'dualisme': teenoorgesteldes in verhouding, byvoorbeeld manlik – vroulik

## [1]
## INLEIDING

Die landskapontwerp-geskiedenis volg 'n ossillerende patroon waar die belangrikheid van beeld en beginsel afgewissel word. (Fig. 2) Landskapsargitektuur as sulks, gebore in die laat negentiende eeu (Pregill 1999: 502), vertoon hierdie dualistiese spel kortliks as die verwerping van beeld met die Moderne-beweging, en die aangryping van beeld met die Post-Moderne. 'n Balans en hegte verband tussen beeld en beginsel ontwyk egter.

## [2]
## DIE BEELD - BEGINSEL DUALISME IN LANDSKAPSARGITEKTUUR

### *2.1 Moderne beweging:*

Die Moderne-beweging landskapsargitekte soos Garrett Eckbo het gestreef na ontwerpe wat nie vir betekenis in simbole hunker nie, maar wat groei vanuit gebruik (Trieb 1995, in Swaffield 2002: 89) – vergelykend met die Moderne argitekte se 'vorm volg funksie' credo. Die titel van Eckbo se publikasie, *Landscapes for living* (1950), spreek self van hierdie ideaal. Beeld word dus 'n blote gevolg van die beginsels van die ontwerp. Daar moet genoem word dat, soos in die argitektuur, die beeld van Moderne-beweging voorbeelde gou deur ontwerpers nageboots is sonder om die beginsels noodwendig te verstaan (Van Rensburg 2003, persoonlike kommunikasie), en sodoende is die wanbalans omgekeer.

### *2.2 Ekologiese ontwerp:*

Die 1960's stempel die begin van die ekologies-gedrewe denkskool wat moontlik in die mite van terugkeer ['n verlange na 'n geïdealiseerde primitiewe verlede, soos bespreek deur Myrcae Eliade (1966) in *Myth of the eternal return*] gewortel is. Landskapsargitektuur se bydra tot die tydsgees is in Ian McHarg (1966) se *Design with Nature* [hoofletter 'n' in oorspronklike titel] geëpitomiseer. Ekologies-gedrewe ontwerp plaas sterk klem op beginsel, en beeld word slegs 'n uitdrukking van natuurlike prosesse (Pregill 1999: 661) – "McHarg's method insinuated that if the process were correct, the form would be good, almost as if an aesthetic automatically resulted from the **objective** study." (Trieb in Swaffield 2002: 91) Weereens ontbreek balans. Die landskapargitek verantwoordelik vir die daktuin van die onlangse hernuwing van die *Museum of Modern Art* [MoMA] in New York, Ken Smith (in Hines 2005: 115), kritiseer huidige landskapsargitekte (in die VSA) juis hieroor – dat landskapontwerp leeg is van kultuur en **subjektiewe** uitdrukking.

### *2.3 (Modern-) Post-Moderne ontwerp:*

Volgens Trieb (in Swaffield 2002: 91), het sekere jong landskapargitekte soos Martha Schwartz aan die einde van die 1970's en gedurend die 80's, wel teen die bo-bespreekte anti-estetiese houding gereageer. Hy klassifiseer ontwerpe wat gedurende hierdie tydperk uitgevoer is (*ibid*. p.92) as uitdrukkings van neo-argaïese tekens, die genus van plek, die tydsgees, die plaaslike [*vernacular*] landskap of as didaktiese [lerende] landskappe – waarvan die meeste pogings volgens sy oorsig (*ibid*. p.92 – 101) blote grypinge na vorige simbole was en sodanig is betekenis in die landskap afgedwing. Die oppervlakkigheid van die beginsels agter die beelde het dus leë sinjale tot vorm gebring.

### *2.4 Huidige Suid-Afrikaanse ontwerp*

SACLAP [*South African Council for the Landscape Architecture Profession*] het in hierdie jaar [2006] 'n reeks forums gereël (onder leiding van Clinton Hindes, landskapsargitektuur-lektor aan die Universiteit van Pretoria) om die huidige stand van landskapsargitektuur in Suid-Afrika te bespreek. Vanuit waarnemings wat deur praktyklede gemaak is (per geleentheid op 20/04/2006 te Universiteit van Pretoria), wil dit blyk of die meerderheid huidige landskapsargitekte in Suid-Afrika beginsel-gedrewe ontwerp ondersteun, met die fokus op ekologiese beginsels. Die ganse volhoubaarheids-paradigma spreek ook van hierdie ideaal.

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

Die ossilerende tweestryd tussen dualismes is 'n patroon wat, volgens Hegel (Gaarder 1995: 474), deur die geskiedenis herhaal: 'n tesis word gevolg deur 'n antitesis, waarna 'n sintese bereik word. Die sintese word dan die tesis en die proses word herhaal. As ons hiervolgens die Moderne-beweging beskou as 'n tesis, word Modern-Post-Modernisme die antitesis: die verwerping van beeld word beantwoord met 'n aangryping daarvan.





**FIG.2 Die ossilerende patroon van ontwerp-paradigmas in die geskiedenis van landskapsargitektuur. (*Die outeur, 2006*)**

Die Dekonstruktiewe-beweging poog hierop om 'n sintese te vind – 'n tussen-in; 'n middeweg tussen beeld en beginsel; dit wat teenoorgesteldes moontlik maak; Derrida se *chora*; 'n neutrale geslag – nóg manlik, nóg vroulik. (Taylor 1992: 266)

In sy ontwerp vir die Wexner sentrum vir die visuele kunste op die Ohio kampus in die VSA, poog Peter Eisenmann om die *chora* te skep: die ruitenet [*grid*], geassosieer met geometriese abstraksie, word onderbreek en figuurlik [as vorm] gebruik. (Taylor 1992: 261) 'n Idee wat dus geassosieer word met beginsel-gedrewe ontwerp, word beeld – die ruimte bevat albei teenoorgesteldes.

Dit kan wel gevra word of die filosofie van Dekonstruksie toepaslik is vir landskapsargitektuur (of argitektuur): is die ervaring van 'n tussen-in nie 'n onvermydelike kenmerk van menslike bestaan nie? 'n Renaissance villa-tuin, uitgelê met geometriese beginsels, gaan steeds nie 'n persoon dryf na 'n suiwer oorpeinsing van die absolute nie: die hitte van die dag, die bloedsoep van die vorige aand…die normale gang van die lewe dekonstrueer vanself enige ervaring van ruimte.

## [4]
## GEVOLGTREKKING

Uit die bespreking is afgelei dat vorige en huidige praktyke in landskapsargitektuur in die geheel nie daarin slaag om 'n gebalanseerde verband tussen beeld en beginsel te vind nie.* Die sukses van die Dekonstruktiviste se taak om wel 'n balans te vind, is bevraagteken. Ten einde 'n alternatiewe oplossing te vind, gaan 'n oorsaak van die beeld-beginsel dualisme in die volgende hoofstuk bespreek word.

*Die stelling is natuurlik 'n veralgemening en is daar voorbeelde van projekte wat genoegsame





**FIG. 3: Beginsel-gedrewe ontwerp lei dikwels tot gebrekkige beeld.** (Outeur, 2006)





**FIG. 4: Beeld-gedrewe ontwerp lei dikwels tot die gebrekkige ondersoek van beginsles.** (Outeur, 2006)

***

fokus aan beide aspekte verleen.

# III
# 'N OORSAAK VAN DIE STRYDVRAAG - GRAFIESE-NOTASIE

'n Tesis…

*"The hand, like a seismograph, records and transcribes the feelings and emotions of the building, which in turn comes alive."* (Coop Himmelb(l)au in Brayer *et al* 2004: 184)

## [1]
## INLEIDING

Tekeninge as gereedskap van die landskapargitek word as vanselfsprekend aanvaar. Dit is egter eers met die Italiaanse Renaissance dat grafiese-notasie 'n deel van die bou-proses begin word het. (Forty 2005: 29) Hierdie tydperk merk dan ook, volgens die Suid-Afrikaanse argitektuur-filisoof Jean-Pierre de la Porte (2005: persoonlike kommunikasie), die begin van ontwerp geskoei op beeld – 'n egalige evolusie van argitektuur word onderbreek deur 'n gegryp na vorige ideale; 'n beelde-nabootsing van die Antieke tyd. Tekeninge het dit egter ook moontlik gemaak om geometriese beginsels in ontwerp toe te pas, en sodoende argitektuur te onderskei as 'n intellektuele- eerder as 'n fisiese-taak. (Forty 2005: 30) **Tekening kan dus beide beeld- en beginsel-gedrewe ontwerp ondersteun**.

## [2]
## TEKENING ONDERSTEUN DIE BEELD – BEGINSEL DUALISME

### *2.1 Beeld-gedrewe tekeninge*

Beeld gedrewe ontwerp word meestal deur perspektiewe, sketse, krabbels [*doodlings*], abstrakte modelle (fig. 8), rekenaar-genereerde *collages,* en ander kunsinnige notasies tot vorm gebring. Sulke sinjale is egter 'n onvoldoende voorstelling van die idee [beginsel] van 'n ontwerp (Forty 2005: 31) en dien dikwels as 'n dekmantel waar agter 'n onvoldoende ondersoek na die beginsels van ontwerp skuil; **beelde wat mooi as twee-dimensionele komposisies in sigsélf heet, vertaal nie noodwendig suksesvol as ruimtes nie**.





**FIG. 5: Beeld-gedrewe ontwerp word ondersteun deur grafiese notasies soos krabbels en *collages*.** (Outeur, 2006)

### *2.2 Beginsel-gedrewe tekeninge*

Daar moet 'n onderskeid getref word tussen **kwantitatiewe** beginsels en **kwalitatiewe** beginsels: eersgenoemde is daardie meetbare beginsels wat byvoorbeeld tydens 'n tipiese terreinanalise ondersoek word, byvoorbeeld die verhouding tussen funksies, ekologiese-stelsels, die vloei van menslike-beweging en invalshoeke van die son.
Hierdie inligting word grafies deur diagramme voorgestel waaruit sekere afleidings gemaak kan word; beeld-onafhanklike beginsels word ondersoek – daar word dus na objektiwiteit gepoog. Egter, "Reams of analysis and overlays will establish the parameters for making a garden…but they will hardly provide the design." (Trieb in Swaffield 2002: 91) Vanuit die outeur se persoonlike ervaring, word hierdie waarheid dikwels misgekyk en **word die ontwerp 'n dírekte vertaling van die diagramme na drie-dimensionele vergestaltings**. Sulke ontwerpe is onder andere funksioneel en ekologies gesond, maar skort estetiese wonder en inspirasie; skort mooi beeld (fig. 7).

Kwalitatiewe beginsels is meer subjektief van aard, byvoorbeeld die gees van die tyd, die kultuur van die ontwerper of die sekere *je ne sais quoi* van 'n ruimte. Juis omdat hierdie idees moeilik vergestalt word, vind ons dat dit óf geïgnoreer word (aandag word oorwegend aan kwantitatiewe beginsels geskenk), óf **uiters kru vertaal word na 'n grafiese sinjaal en dan letterlik na fisiese vorm**: in 'n onlangse ontwerpvoorstelling vir 'n publieke ruimte in Johannesburg, is die beginsel van *ubuntu* byvoorbeeld vertaal as 'n sirkel en toe letterlik as 'n silindriese gebou – 'n vorm wat mynentweë uitsluit, en daarom loodreg teen die oorspronklike beginsel staan:




Dit wil blyk of die sprong van beginsels na beeld telkens direk en letterlik gedoen word, met gebrekkige ontwerp die gevolg. Dit mag wees dat die gebruiklike grafiese notasie-stelsels tot hierdie kru sprong bydra, omrede grafieka (selfs in die mees abstrakte vorme) die illusie van ontwerp skyn (fig. 1).





**FIG. 6: Beginsel-gedrewe ontwerp word ondersteun deur grafiese notasies soos diagramme en abstrakte sinjale wat direk na vorm ge-interpreteer word.** (Outeur, 2006)





FIG. 7: dui op 'n tipiese kwantitatiewe-beginsel-gedrewe landskapontwerp-proses: vorm word die rasionele reaksie op 'feite' wat vanuit 'n terrein-analise verkry word. Let hoe die diagramatiese voorstelling van idees letterlik na die finale ontwerp vertaal word.








FIG. 8: Die beeldhouwerker, Isama Noguchi (1904 – 1988), het die ontwerp van landskappe benader soos die skep van 'n beeldwerk: 'n Goeie voorbeeld van beeld-gedrewe ontwerp. Anders as die bostaande voorbeeld, is die plekke nie geskep as 'n reaksie op analise nie, maar eerder vanuit 'n intuïtiewe kerf van vorm. Sy projek, *California scenario*, word deur Weilacher (1999: 49) beskryf as 'n plek met 'n "meditative, almost mythical atmosphere." Die plek is egter deur landskapargitekte gekritiseer, omdat dit nie aan al die funksionele vereistes van die terrein voldoen nie. (*ibid.*) Die suksesvolle uitvoering van beeld het gepaard gegaan met 'n onvoldoende ondersoek van en reaksie op beginsels.

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

[3]
# GEVOLGTREKKING

Die uiteraardse gebruik van grafiese notasies in die ontwerpproses, is in sekere opsigte onvoldoende. Dit noop 'n ondersoek na nie-grafiese notasies. Om rede word die gebruik van teks navolgend as ontwerpgereedskap ondersoek.

***

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

# IV
# ‘N ANTWOORD - VAN BEGINSELS NA TEKS NA BEELD

...’n anti-tesis…

“I have no need whatsoever to draw my designs. Good architecture, how something is to be built, can be written. One can write the Parthenon.” (Adolf Loos 1924 in Forty 2005: 29)

## [1]
## INLEIDING

Om ‘n hipotese te formuleer waarin teks voorgestel word as ‘n ontwerphulpmiddel, is daar gekyk na verskeie verhoudings tussen teks en ruimte – gebruike van teks as deel van die skep van landskap is hieruit afgelei. Die ondersoek is ondersteun deur geskiedkundige- en huidige-voorbeelde waar hierdie gebruike toegepas is.

## [2]
## DIE GEBRUIKE VAN TEKS

### *2.1 Die ontbloting van ontwerp*

#### *2.1.1 Bespreking*

Die betekenis van teks kan nie agter beelde skuil nie. Tekeninge aan die ander kant, kan die illusie van die plek sélf op die papier skep; die gaping tussen simbool en betekenis vervaag:

> “More particularly, both projections [ortogonaal en perspektief], like all drawings, presuppose that one is outside the object…its exteriority to us requires us to suppose that perception, as well as the thing perceived lied outside the mind. Language places no such demands upon us: the words themselves carry no illusions, but act directly upon the mind; language allows perception to happen where it belongs, within the mind.” (Forty 2005: 41)

Sielkundiges soos Goldstein en Scheerer gaan so ver om te stel dat denke deur middel van beelde [*images*] die intellek beperk tot een wat geboei is met die skyn van sake. (in Lym: 1980: 22 – 23) Hierin, volgens Jerome Bruner (*ibid.*), gaan verlore ‘n begrip van die wêreld as meer as net oppervlaktes; meer as beelde, maar ook beginsels. Die gebruik van teks as ontwerp-medium **verhoed dat die ontwerper agter beelde skuil en word hy verplig om werklik oor sy skepping te besin.**

> "…language allows architects to deal with everything that they find difficult, or choose not to be precise about – nuances, moods, atmosphere…it stimulates the sense of potential ambiguity that lies at the basis of meaning [paradokse]…language does not deal in directness, it deals in metaphor and ambiguity." (Forty 2005: 38)

> "Where spoken and written language, as a matter of course, appeals constantly to the metalanguage, allowing it to be both ambiguous and precise, architectural drawings generally aim to stick to the 'object language' and to restrict 'additional, shifted meanings'." (Forty 2005: 39)

> "Grammar is a living pattern reflecting both timeless rules and the contigencies of time and place." (Spirn 1998: 181)

So ook in ontwerp: daar is objektiewe beginsels, asook variasies van gebruik en ruimtelike ervaring afhanklik van spesifieke tyd en plek.

### *2.1.2 Voorbeelde*

Soos genoem, is die gebruik van grafieka om ontwerp te skep en te kommunikeer eers werklik met die Renaissance gebore. Voordan, is 'n Middeleeuse katedraal byvoorbeeld *gepraat,* en het bouers en vakmanne geskep na aanleiding van verbale instruksies. (Forty 2005: 35) Die aard van die beskrywings het egter weinig speling vir persoonlike interpretasie gelaat, anders as die onderstaande ontwerp-beskrywing deur die Italiaanse groep *Archizoom* in die laat 1960's:

> "Listen, I really think it's going to be something quite extraordinary. Very spacious, bright, really well arranged, with no hidden corners, you know. There will be fine lighting, really brilliant, that will clearly show up all those disordered objects.
>
> The fact is, everything will be simple, with no mysteries and nothing soul-disturbing, you know. Wonderful! Really very brilliant – very beautiful – very beautiful, and very large. Quite extraordinary! It will be cool in there too, with an immense silence.
>
> My God, how can I describe to you the wonderful colours! You see many things are quite hard to describe, especially because they'll be used in such a new way. …You see, there'll be a lot of marvellous things, and yet it will look almost empty, it will be so big and so beautiful…How fine it will be…just spending the whole day doing nothing, without working or anything…You know, just great…" (Ambasz in Forty 2005: 34)

Die teks **beskryf die essensiële karakter van die ontwerp, sonder om 'n voorskrif vir vorm te wees**. As gevolgtrekking, kan 'n verskeidenheid vergestaltings vanuit die teks geïnterpreteer word. Dié gaan as beelde verskil, maar ooreenstem in aard.

## *2.2 Verryking van die landskap*

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)



'n Huis van woorde.
**FIG. 9: CDLT huis, Silverlake, Kalifornië deur Morphosis, 1989**: 'n voorbeeld van 'n ontwerp wat sonder enige tekeninge geskep is, maar slegs deur verbale instruksies. (in Forty 2005: 36).

### *2.2.1 Bespreking*

Alhoewel teks nooit as plaasvervanger vir die *in situ* ervaring van ‘n landskap kan wees nie, kan dit wel daardie ervaring verryk. (Spirn 1998: 21) Daar kan gesê word dat stories, mites en gedigte (veral van die Romantiese soort) ’n huigelbeeld van ŉ plek skep; ŉ plek idealiseer buite erkenning van die werklikheid. So ‘n uitspraak sal egter alle digkunstelike taal veroordeel as huigelary, en Van Wyk Louw (1937: 18) se beskrywing van ‘n vrou as “’n laaste kuil van stilte tussen riet” (in *Jy was ‘n kind,* 1936) ‘n leuen. Soos sout op vleis, verdoesel sulke tekste nie die werklikheid nie, maar verheerlik dit.


**Die ervaring van plek word verryk deur ‘n samevlegging van die lees van digkunstelike teks, asook terrein**; die lees van die subjektiewe, asook die objektiewe (fig. 11).

### *2.2.2 Voorbeelde*

Die humanisties-gedrewe gebruik van klassieke beginsels om tuine uit te lê, is in die Agtiende-eeu in Engeland vervang met ‘n meer intuïtiewe vervorming van die landskap. (Pregill 1999: 244) Die kleinheid van die mens, in die aansig van sublieme Natuur, word poëties uitgebeeld eerder as die mens se vermoë om geometriese orde op die landskap te bewerk. (*ibid.*) Ten einde die aanvoeling van die subliem in die bewoner van daardie landskap te wek, is daar letterlik verwys na Griekse elegie. (Spirn 1998: 50) Hierdie verwysings, vergestalt in beelde of strukture, word gewaar vanaf punte geleë op ŉ roete wat deur die landskap vleg: tonele verskyn soos die beelde op ŉ bioskoopdoek – herinnerende aan Tschumi se konsep agter *Cinégramme Folie.* (Brayer et al 2004: 108) Die persoon wat deur die landskap sou beweeg sonder enige vooraf kennis van die Klassieke werke, sou steeds die beeldekuns, die ruimtes en plante en strome water, en gekletter en geklets van voëls en vroue-stemme waardeer, maar onaangeraak bly deur die genot van om in tonele uit ou verhale te wandel. Die kennis van woordeskat is nodig om die stories te lees. (Spirn 1998: 114)

Negentiende-eeuse Romantiese skrywers soos Washington Irving het die *Alahmbra* in Spanje in die letterkunde vasgepen as ‘n mitiese landskap geskoei op die Islamietiese idee van ‘n aardse paradys – on-akkurate beskrywings van die werklike landskap. Hierdie beskrywings het egter mense aangespoor om die plek te besoek en eindelik bewaringsinisiatef te neem. (Marianne de Klerk, 2006: persoonlike kommunikasie)

In die eersbespreekte voorbeeld, bestaan die teks alreeds voordat die landskap geskep is, en in die tweede *vice versa:*




In beide **is teks egter gebruik ten einde die ervaring van die landskap op te hef bo die blote on-bewustelike, sensories- estetiese genot van die beeld,** tot ŉ bewustelike besinning



**FIG. 10: Karoopad** (Outeur, 2006)




Karoosomervlug.

**FIG. 11: Karoosomervlug** (Outeur, 2006)
Die teks komplementeer die beeld.

oor abstrakte idees.

### *2.3 Die verandering van persepsie*

#### *2.3.1 Bespreking*

Die persepsie van ‘n landskap word beïnvloed deur die metafore wat daaraan geheg is. (Spirn 1998: 24) Persepsies dan weer, beïnvloed die mens se verhouding met daardie landskap (*ibid.*): die hoëveld graslande wat as leeg en dood beskou word, geniet weinig bewarings-inisiatief, terwyl die yl-blou berge van die Kaap as amper heilige grond gekoester word. ‘n Suksesvolle landskap-projek genoodsaak positiewe persepsie – **deur die unieke kenmerke van daardie landskap in tekste te waardeer en te prys, in mite te skryf, word ons blik daarop verander**.

#### *2.3.2 Voorbeeld*

Die piktorale [*picturesque*] idee van skoonheid het so sterk op beeld berus dat die vroeë kunstenaars aan die Kaap, soos Burchell, ‘n minagting vir die “desolate, wild and singular landscape” van die Karoo getoon het. (in Coetzee 1988: 38) Die reuke, die room-gestoltenheid van die laatmiddag, die oop blou lug…is misgekyk bloot omdat dit nie aan voorafgestelde visuele kriteria voldoen het nie: skone massas water, groen heuwels en tekens van menslike arbeid. Skrywers soos N.P. Van Wyk Louw, vir wie die Karoo ‘n “tower-wêreld” (in Steyn 1998: 22) was, het egter die wonder van die plek vir ander oopgesluit in gedigte soos *Karoo-dorp: someraand*: (Louw: 1950; 1994: 118)

> “Die laat-middag het room geword
> die treine wat ver fluit
> en ’n wit-bont klaas-skáwagter
> wat wag-hou op ’n kluit...”

Hierdie en derglike tekste (soos Eve Palmer se *The plains of Camdeboo*) het die **Karoo met nuwe woorde beskryf en mense met nuwe oë laat kyk.**

### *2.4 Die wegdoen van leë sinjale*

#### *2.4.1 Bespreking*

In die gees van die Modern-Post-modernisme, is die eklektiese tuine van hedendaagse Suid-Afrika, oor die algemeen, beeld-nabootsings van tuine uit ander tye en plekke (fig. 12). Populêre tuin-verwante media, as deel van die kontemporêre *leefstyl* kultuur (Trieb 1995 in Swaffield 2005: 101), toon beelde van  Engelse-, Provensaalse-, Japanese- en ander styl-gedrewe voorbeelde. Daar word egter selde na die beginsels van daardie ontwerpe verwys – leë tekens. ‘n Verklaring hiervoor mag wees die gebrek aan standvastige kulturele ideale: die

Post-Moderne [Dekonstruktiewe] taak om alternatiewe waarhede, weggesteke geskiedenisse en verwerpte betekenis uit te delf, het ons met ‘n komplekse wêreld gelaat vol teenstrydighede wat moeilik ver*beeld*. Ann Whiston Spirn (1998: 244) gee ‘n goeie beskrywing van hierdie netelige saak:

> “Is there a history common to all in a society or is there no shared past? Whose history should be remembered and celebrated in public places? Is art separate from the everyday, or rooted in the normal processes of living? Is art the province of the expert, or can, and does, everyone participate? Should places exert power over people or empower them? The opposing answers to such questions lead to opposing natures, histories, arts, powers...”

Die hergebruik van vorige beelde mag moontlik ‘n manier wees om die verbeelding van huidige strydpunte te vermy – iets wat volgens Spirn (1998: 262) juis betekenisvolle landskappe kan induseer. Bernard Tschumi (1983: 7) kritiseer eweneens die fokus op styl as die weg na ontwerp geskoei op oppervlakkige tekens, met gevolg die uitsluiting van ruimtelike- en programatiese-aspekte.

Beide skrywers beskou teks as ‘n medium wat die genoemde vorm-voortbrengers kan dra: kulturele idees (nieteenstaande teenstrydighede), ruimtelike karakter en program. **‘n Vorm wat uit só ‘n teks ge-abstrakeer word, is aldus ‘n sinjaal vir die onderbou van daardie teks,** en nie ‘n spoeg-en-plak kopie van ‘n prentjie uit ‘n tydskrif nie.

### *2.4.2 Voorbeeld*

’n Groep studente en lektore (onder andere Bernard Tschumi) aan die *Architectural Association* in Londen het, in die mid-sewentigs tot vroeë-tagtigs, ’n rits projekte voltooi met die doel om ’n argitektuur te ondersoek wat nie aan styl en tipologieë gebonde is nie, maar eerder voorgeskryf deur tekste wat fokus op gebeurtenis [*event*]. (Tschumi *et al* 1983: 13) ’n Uitstalling gehou by die Koninklike Kollege van Kuns [*Royal College of Art*] in 1975, *A space: a thousand words,* het beelde vertoon wat deur tekste gekomplimenteer en ondersteun is. Die studente had byvoorbeeld teks van literatuur soos Kafka se *Burrow* en Edgar Allan Poe se *Masque of the red death* gebruik as voortbrengers van vorm; die relaas [*narrative*] verwittig die program. Volgens Nigel Coates (in Tschumi *et al* 1983) lê die krag van stories in die vermoë daarvan om komplekse teenoorgesteldes en abstrakte idees te bevat (*ibid.* p. 9) waaruit die verhouding van ruimte en gebeurtenis geïnterpreteer kan word (*ibid.* p. 13) – die pleeg van styl word verhoed.

**Stories (en ander tekste) is gebruik om program te genereer met die gevolg dat vorm nie ’n blote antwoord op funksionele aspekte was nie, maar ook op meer subjektiewe veranderlikes,** soms kontrasterend en teenstrydig.




'n Hutspot van style.

**FIG. 12: digitaal gemanipuleerde collage van tuin advertensies** (Outeur, 2006)

### *2.5 Die grafiese gebruik van teks*

#### *2.5.1 Bespreking*

Die tradisionele betekenis van taal word gefnuik deur teks as beeld aan te wend. Die leser kan in 'n ongemaklike posisie geplaas word, deur die sinjaal teenstrydig met die boodskap voor te stel:

**blou**
**rooi**
**geel**

Die teks kan egter ook só geweef word om 'n grafiese beeld te vorm wat in betekenis by die woorde aansluiting vind:

i
spr ng

**Die grafiese gebruik van teks bied verdere geleentheid om uitdrukking te gee aan abstrakte idees wat moeilik deur die standaard grafiese-notasies uitgebeeld word.**

#### *2.5.2 Voorbeelde*

Teks word *letter*lik vorm in die dig(/)kuns van Willem Boshoff soos te lees (eerder *te sien*) in die publikasie *Kyk Afrikaans* (fig. 13). Die werke kan as *concrete poetry* geklassifiseer word – 'n vorm van digkuns wat poog om universele aanklank te vind deur onafhanklik van taal te wees. (Vladislavic 2005: 22) Teks word beeld, geweef tot 'n tekstuur, en delf sodoende in die oorspronklike betekenis van die woord. Die semantiek, die beginsel agter die ink op papier, val weg en ontbloot nuwe betekenis: so vorm die woorde in *Tikreën* byvoorbeeld 'n ritmiese patrone-beeld wat soos die val van reën *klink* – "Jy kan met oë hoor, maar nie met ore kyk nie." (Boshoff in Vladislavic 2005: 32) In *Garden of words* word 'n tuin geskep deur die groepering van plantname gedruk op plastiek etikette (fig. 14). Die plante leef voort as teks – 'n interessante oplossing vir die toenemende vernietiging van spesies! Daniel Libeskind se dekonstruksie van woorde en frases soos "will to power" in *Architecture 1* (1988), fatsoeneer, as uiterste voorbeeld, 'n ganse boek:

"POW.

Erw illtopow erwilltop O werw illto: "*Powe rw illtopowe r will t'opo w'erw, ill topow."*




FIG. 13: Tikvlek uit KykAfrikaans, ink op papier, 1977 – 80, Willem Boshoff (Vladislavic 2005: 23)



FIG. 14: Garden of words II, plastiek en hout, 1999, Willem Boshoff (Vladislavic 2005: voorblad)



FIG. 15: Teks as beeld, digitaal gemanupileerde collage van fotos van lettertipes in Pretoria (Outeur, 2006)

## [3]
## DIE TEKORTKOMINGE VAN TEKS

Nagelang die bo-bespreekte gebruike van teks, moet daar gelet word op die tekortkominge van teks as 'n medium in die ontwerp-proses. Kwantitatiewe inligting soos die ligging van riviere, topografie en windrigtings, word meer doeltreffend deur grafiese notasies gekommunikeer (fig. 16). Die huidige bouproses vereis ook die gebruik van tegniese-tekeninge vervaardigings detail oor te dra. Die kommunikasie (en ongelukkig ook verleiding) van die ontwerper se produk aan sy kliënt word ook vergemaklik deur 'realistiese' sketse van die ontwerp. (Weereens moet genoem word dat hierdie praktyk die gevaar inhou om die kliënt se aandag te fokus op die skyn van die ontwerp, eerder as op byvoorbeeld ruimtelike kwaliteit.)





FIG. 16: Voorbeeld van 'n tipiese terrein-analise. Kwantitatiewe inligting soos windrigting word meer suksesvol voorgestel deur grafiese notasies.

## [4]
## GEVOLGTREKKING

Teks as 'n notasie-stelsel is in sekere opsigte meer suksesvol as tekeninge om die landskap voor te stel en kan daarom 'n bydra lewer tot die ontwerp daarvan. Teks bied ook die geleentheid om die ervaring van daardie landskap te verryk. In die opvolgende hoofstuk gaan voorgestel word hoe hierdie gebruike van teks in 'n ontwerpproses geweef kan word, sonder om die standaard grafiese notasiestelsels te vervang.

***

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

# DEEL 2: DIE HIPOTESE: LANDSKRIF

## V
## BESKRYWING VAN DIE HIPOTESE

…’n sintesis...

“Architecture does not exist without drawing, in the same way the architecture does not exist without texts.” (Bernard Tschumi, 1980 in Forty 2005: 29)

### [1]
### INLEIDING

Uit die bespreking tot dusver, is daar gevind dat beelde sonder beginsels oppervlakkige sinjale is, maar dat ‘n oordrewe fokus op beginsels aanleiding gee tot steriele ontwerp. Daarop is gekyk na die gebruike van teks ten einde hierdie dualisme te help oorkom.

Die hipotese behels die integrasie van die verskeie gebruike van teks in twee tipes tekste, naamlik die relaas en die fenomenologiese teks. Hierdie tekste dien as absorbeerders van onderskeidelik kwalitatiewe- en kwantitatiewe-beginsels, en daarop as die basis waaruit beeld vertaal word.





**FIG. 17: Teks as ‘n brug tussen beginsels en beeld.**
(Outeur, 2006)

Ten slotte is bespreek hoe teks gebruik kan word in die post-ontwerp fase ten einde die ervaring van die ruimte te verryk.

### [2]
### RELAAS

Die meerderheid van die gebruike van teks wat bespreek is, is verwant aan die abstrakte wese van landskap, naamlik:

- *verryking van die landskap,*

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)

- *verandering van persepsie* en
- *wegdoen van leë sinjale.* [IV: 2.2 - 2.4]

Teks in die vorm van ‘n relaas [*narrative*] kombineer hierdie gebruike om die konsepsionele onderbou van die ontwerp te vorm. ‘n Storie word deur die ontwerper (of skrywer) geskryf wat, soos ‘n roman, binne die konteks van kwalitatiewe beginsels gebore word. Ten einde ‘n suksesvolle bron te wees vir die konsep van die ontwerp, **moet die taalgebruik beeldryk wees en uiteraard hoogs subjektief.** Hierdie teks verhoed dan die bespreekte probleem, naamlik dat kwalitatiewe beginsels op ‘n oppervlakkige wyse na vorm vertaal word.

Boonop die gebruik van die relaas as ‘n ontwerphulpmiddel, **word dit ‘n bykomende produk** [*deliverable*] **wat die ontwerper aan sy kliënt lewer**: die ervaring van plek word gevorm deur die lees van die fisiese landskap ingevleg met die lees van die relaas. Kennis van die teks is natuurlik nie nodig om die ruimtes te waardeer nie, maar verryk ruimtelike ervaring.

## [3]
## FENOMENOLOGIESE TEKS

***Definisie van term:***

‘fenomenologies’: Heidegger se “a return to things” (in Safranski 2002: 75); ‘n fokus op plek soos wat dit deur die sintuie ervaar word.

Soos genoem, word die grafiese notering van kwantitatiewe beginsels dikwels letterlik en kru na vorm vertaal. **Die fenomenologiese teks dien hierop as ‘n medium tussen die kwantitatiewe beginsels en die beeld** om die sprong te vernou. In hierdie teks word die inligting van terrein analises, beginsels van ruimtelike ontwerp (soos byvoorbeeld bespreek in Christopher Alexander (1977) se *A pattern language*) en presedente van derglike plekke, saam **deur woorde geweef om ‘n beskrywing van die fenomenologiese kwaliteit van die ontwerp te skep**. Teks word hier gebruik soos bespreek onder *Die ontbloting van ontwerp* [IV: 2.1]: die ontwerper skets met woorde die ervaring wat die plek moet heet. Sodoende word daar nie op die blote skyn van die ontwerp gefokus nie. Later in die ontwerpproses, wanneer vorm grafies voorgestel begin word, moet die ontwerp deurlopend teen die fenomenologiese teks gemeet word.

## [4]
## SINTESE

Daar kan nie voorgegee word dat die hipotese ‘n resep is wat aanleiding gee tot goeie beeld nie. Daar is steeds ‘n groot sprong tussen die tekste en uiteindelike vorm. Hierdie gaping word oorbrug deur die ontwerper wat op ‘n grootliks intuïtiewe wyse die inhoud van die tekste na vorm vertaal: **die verrigting** [*performance*] **en fisiese karakter vanuit die fenomenologiese teks, en die skyn en abstrakte karakter vanuit die relaas**. Hierdie proses geskied deur

middel van die standaard grafiese ontwerphulpmiddels.

Hierop word die ontwerp aan gekerf deur ‘n deeglike tegniese ondersoek en die teken van tegniese tekeninge. Hierdie ondersoek mag die ontwerper noop om veranderinge aan die ontwerp te bring weens die opgrawing van nuwe inligting wat nie in ag geneem is met die skryf van die tekste nie; **die tekste is nie absoluut nie**.

## [5]
## POST-ONTWERP TEKSTE

Soos bespreek onder *Die verryking van landskap* [IV: 2.2], kan teks voortaan die ontwerp geskryf word én na (selfs eeue) die ontwerp reeds voltooid is. Laasgenoemde tekste beïnvloed vanselfsprekend nie die fisiese vorming van die landskap nie, maar wel die ervaring daarvan. Skrywers moet betrek word om deel te hê in die lewe van die plek na die ontwerp deur die skryf van prosa en poësie ge-inspireer deur die ontwerp. Húl metafore sal die landskap verder ontsluit vir ander se oë en dit laat bestaan ver buite die grense van die terrein.


Teks kan ook grafies gebruik word (sien [IV: 2.5] en as kunswerke die landskap laat leef teen die mure van ‘n galery of *in situ.*

## [6]
## GEVOLGTREKKING

Die hipotese word grafies voorgestel in die vorm van ‘n ontwerpproses (fig. 18). Die geldigheid van die hipotese kan slegs bepaal word deur die toepassing daarvan. Deel 3 vervul dan hierdie doel waarop die suksesse en tekortkominge van die hipotese bespreek gaan word.

***

University of Pretoria – etd. Prinsloo J. N. (2006)







**FIG. 18: Die hipotese: landskrif.**
(Outeur, 2006)